



Die lewe is morsig

Gesonde natuurlike omgewings is kompleks en ver van netjies.

Afgekapte bome en oorstroomde gebiede is die werk van bewers. Dit lyk dalk morsig, maar daardie gemors is gevul met lewe. Beskou die skoonheid van hierdie bome wat versteek is in die siklusse van lewe en dood, groei en verjonging; die ingewikkelde patrone wat gemaak word deur insekte wat onder bas ingrawe, en die delikate vorms van ligene wat bo groei. Al hierdie lewende kompleksiteit floreer binne die omgewing wat deur die bewer, eko-ondersteunende spesie en landskapkunstenaar, gevorm is.

Probeer dit!

Kyk bietjie na 'n gevalle stomp. Dit lyk aanvanklik morsig, maar probeer om die lewe te sien wat dit ondersteun en die skoonheid wat dit by die landskap voeg.

Foto met vergunning van Alan Lam

Vertaling deur Marnel Müller

